

Iziko-uitstalling verken bande tussen kultuur en natuur



Subtle Thresholds vorm 'n visuele brug tussen die dele kultuur-histories en natuurgeskiedenis van die Iziko-museum.

"Aansteeklike siektes is die voorpos vir ontmoetings tussen spesies," sê die kurator Fritha Langerman. En met die winter van 2009, sinoniem met die H1N1-virus en ander virusse wat skynbaar van diere afkomstig is, is Langerman se uitlating eweneens relevant.

Die tentoonstelling is 'n bykans obsessiewe kategorisering van inligtingstelsels wat met die agtergrond en klassifisering van siektes te make het – van berugte plae tot die dokumentasie van die dood van bekende wetenskaplikes, soos: "Louis Pasteur. Cause of Death: Stroke".

Deur die geskiedenis was daar altyd talle mites rondom siektes en siekes. Die beskouing van aansteeklike siektes as "ander", "buitekant" en "afgesonderd" word spesifiek bekyk. Siektes was (en is tot 'n mate vandag stééds) beskou as draers van onheil of 'n vloek wat mense verdiend of

onverdiend oorval. In die ou dae is dierekostuums dikwels gedra om siektes uit te dryf of van mens na dier te "verplaas". Só is die pes (of plaag) dan uitgedryf deur dokters in voëlmaskers wat die virus uit die pasiënt na die kostuum lok.

Dit het twee jaar geduur om die tentoonstelling saam te stel en objekte en inligting is uit verskeie museumversamelings ontleen. Dit is só omvangryk dat dit haas onmoontlik is om dit met 'n eerste besoek in te neem. Tog is *Subtle Thresholds* eerstens visueel en gemoeid met hoe beelde gesien (of misgekyk) word en geïnterpreteer (of misverstaan) word. Verskeie meganismes word dan ook aangewend om die visuele impak van die tentoonstelling te verhoog: refleksies, digitale projeksies, lig en skaduwees.

Dit is egter uiteenlopend genoeg om iets vir elkeen te bied, want kinders verkyk hul aan die sorgvuldig verbinde, opgestopte diere, terwyl intellektuele oorgenoeg leesstof het... en die mikroskopiese vergrotings van virusse en patroongerankskikte proefbuise kan beide kunstenaar en wetenskaplikes se harte laat juig.

LIZA GROBLER

■ Tot Maart 2010. Geborg deur die Gordon-instituut vir Uitvoerende en Skeppende Kunste, die Nasionale Kunsteraad en die Nasionale Navorsingsraad.